higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

INSTANDHOUDINGSBESTUUR: BOERDERY N4

19 NOVEMBER 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1
- Die deure moet aan die teenoorgestelde kant van die heersende windrigting geplaas word.
- Dit verseker dat deure vir goeie ventilasie oopgemaak kan word.
- Self wanneer die wind sterk waai kan die deur oopgemaak word sonder dat reën of stof in die werkswinkel inwaai.
- Onthou dat deure ook as sekuriteitshindernisse dien.

(Enige 3 × 1)

1.1.2
- Die gereelde skoonmaak van voertuie of implemente is ook deel van onderhoud.
- 'n Hoëdrukspuit is nodig vir die taak.
- Herstelwerk aan skoon voertuie is makliker. (Enige 3 × 1)

1.1.3
- Werknemers moet aangemoedig word om altyd veiligheidsklere en -toerusting te dra.
- Volgens wet moet alle werksplekke 'n ontruimingsplan vir noodgevalle hê.
- Werknemers moet ingelig en opgelei word om die ontruimingsprosedure te volg en daaraan te voldoen.
- Opleiding moet aan alle werknemers verskaf word sodat hulle aan die veiligheidsreëls en -regulasies kan voldoen.
- Kommunikasiestelsels moet tydens noodgevalle geredelik beskikbaar wees.
- Telefone of tweerigtingradio's is baie belangrik. (Enige 3 × 1)

(3 × 3) (9)

1.2
1.2.1	M
1.2.2	K
1.2.3	F
1.2.4	L
1.2.5	C
1.2.6	A
1.2.7	N
1.2.8	J
1.2.9	H
1.2.10	G

(10 × 1) (10)

1.3 Die klanktoets. (1)

[20]

VRAAG 2

2.1
- Albei kleppe is toe.✓✓
- Suier beweeg op.✓
- Lug-brandstofmengsel word saamgepers.✓✓



(5 × 2) (10)

2.2
- Verkoeler
- Teenvriesmiddel
- Drukprop
- Dwarsvloeiverkoeler
- Afvloeiverkoeler (down-flow radiator)
- Viskeuse koppeling/Hidrouliese koppelaar
- Koelmiddel
- Waterpomp
- Lugverkoel
- Waterverkoel
- V-band (Enige 5 × 1) (5)

2.3
- Oliebak
- Om enjinolie te hou (2)

2.4
A – Hoofsilinder
B – Slaafsilinder
C – Koppelaardekselmontering
D – Ontkoppellaer
E – Vurk
F – Pedaal
G – Hidrouliese pyp (7)

2.5
- Gebrek aan 'n vrye pedaal.
- Ontkoppelmeganismebinding (release mechanism binding).
- Ghries of olie op die koppelaarvoerings.
- Koppelaarvoerings is geslyt.
- Swak drukvere.
- Oorlaaide koppelaar.

(Enige EEN) (1)
[25]

VRAAG 3

3.1
3.1.1 Waar
3.1.2 Waar
3.1.3 Onwaar
3.1.4 Onwaar
3.1.5 Onwaar
3.1.6 Onwaar
3.1.7 Waar
3.1.8 Onwaar
3.1.9 Onwaar
3.1.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1



(2)

4.2
- Skakel die masjien of wanneer dit nie gebruik word nie
- Verwyder die gebruikte elektrode uit die houer
- Ontkoppel die aardklamp van die werk
- Ontkoppel die aardkabel van die masjien
- Ontkoppel die elektrodekabel van die masjien
- Ontkoppel die aardkabel van die masjien
- Bêre die kabels in die stoor
- Ontkoppel die sweismasjien, maak dit skoon en bêre dit (8)

4.3 Geskermde metaalboogsweiswerk (2)

4.4
- Verwyder alle olie, ghries, verf, roes en growwe kante van die werkstuk voordat dit gesweis word.
- Indien nodig, berei die kante met afskuinsing vir beter indringing voor.
- Stel die werkstuk behoorlik in lyn. (Enige 3 × 1) (3)

[15]

VRAAG 5

5.1 $P = V \times I$✓
$P = 380 \times 22$✓
$P = 8360\ Watt$✓
$P = 8{,}36\ kW$✓ (4)

5.2 Elektromagnetiese induksie (1)

5.3 5.3.1 

5.3.2 

(2 × 1) (2)

5.4 5.4.1 Val
5.4.2 Laag
5.4.3 Hoog

(3 × 1) (3)

[10]

VRAAG 6

6.1
- Horisontale en vertikale boukleilaste moet volledig gevul word.
- Gebruik bouklei met hoë vogretensie (gebruik kalk in die boukleimengsel).
- Boukleilaste moet met 'n voegtroffel afgewerk word – die halfronde een is baie goed.
- Vensters moet met pleisterwerk of 'n voglaag waterdig gemaak word – verkieslik met 'n voglaag onder die vensterbank.
- Buitepleister van goeie gehalte of die behandeling van die buitemure met boukalk, waterdigte verf of kommersiële waterdigting mag gebruik word.
- In hoëreënvalgebiede soos aan die kus, kan hol mure gebruik word. (6)

6.2
- Die oppervlak moet vas en skoon wees.
- Die randte moet nie verdeel en verkrummel wanneer druk daarop uitgeoefen word nie.
- Bakstene moenie te veel breek wanneer die hanteer of vervoer word nie.
- Twee bakstene wat teen mekaar gekap word moet 'n klinkgeluid maak – dit dui aan dat dit nie gekraak is nie. (Enige 3 × 1) (3)

6.3
- Nat grond
- Grond met lae dravermoë
- Bedrieglike lae
- Sinkgate en grondverskuiwings (4)

6.4
- 'n Latei is 'n balk oor 'n opening vir 'n deur of 'n venster of oor 'n ander opening.
- Dit ondersteun die steenwerk en ander laste, soos 'n dak, bokant die opening. (2)

6.5



(2)

6.6 Dit voorkom dat die vloer tydens die bouproses beskadig word aangesien dit eers aangewend word nadat die bouproses voltooi is. (1)

6.7
- Die fassieplank beskerm die ente van die daksparre.
- Dit verbeter die gebou se voorkoms.
- Dit word gebruik om geute te ondersteun. (Enige 2 × 1) (2)

[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou